

## **Sing vooraf staande: Psalm 100:1, 4 (p. 494)**

- 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER! / Dien God met blydskap, gee Hom eer;  
kom nader voor sy aangesig, / en prys Hom met 'n lofgedig!
- 4 Want goedertieren is die HEER; / sy goedheid eindig nimmermeer;  
sy trou en waarheid hou hul krag / tot in die laaste nageslag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

## **Amen.**

## **Lofpsalm 98:1, 3 (p. 488)**

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;  
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.  
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;  
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank;  
laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklank!  
Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER;  
die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!

## **Geloofsbelydenis: Nicea**

### **Wet**

## **Psalm 139:1, 12 (p. 674)**

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit ewige dieptes neer  
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,  
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o Heer, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;  
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.  
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van ewige vrede.

### **Gebed**

## **Psalm 16:4, 5 (p. 62)**

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.  
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."  
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.
- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

## **Skriflesing: Nehemia 8:1-19**

### **Kernverse: Nehemia 8:11**

**Verder het hy vir hulle gesê: Gaan, eet lekker spys en drink soet drank en stuur porsies aan hulle vir wie niks berei is nie; want hierdie dag is heilig aan onse Here. Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE—dit is julle beskutting.  
(Nehemia 8:11 AFR53)**

**Tema:** Die blydskap in die Here is ons beskutting

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, soms gebruik die Here woorde in een sin wat vir ons natuurlike gevoel nie by mekaar pas nie. Een so 'n sin lees ons in Openbaring 14:13. Daar staan geskryf:

**Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe.** (Openbaring 14:13 AFR83)

Na ons gevoel pas die woorde *geseënd* en *sterwe* nie in dieselfde sin nie. *Geseënd* dra tog die idee van blydskap en vreugde oor. *Sterwe*, aan die ander kant, dra die idee van hartseer en verlies oor.

In ons teks kry ons met 'n oproep te doen wat vir baie mense nie pas by die kerk nie. Vir baie mense pas blydskap en vreugde nie in die kerk van die Here nie. Dit lyk soms of diens aan die Here vir mense soos gesondheidskos is – dit smaak nie alte lekker nie, maar dit is goed vir jou en daarom eet jy dit maar. Blydskap en vreugde is eerder iets wat om 'n braaivleisvuur tuishoort as in die erediens. Maar dit is nie wat ons in die Bybel lees nie. In nege en veertig van die honderd en vyftig psalms word die gelowiges opgeroep en aangespoor om te juig, te jubel en bly te wees in die Here. As gelowiges die beeld van God wil vertoon, dan moet ons mense van blydskap word.

In Nehemia 8 lees ons van 'n herlewing onder die volk van die Here. Daar het nou 'n nuwe fase in die lewe van die volk gekom. Onder die sorg en beskerming van die Here en met sy seën en krag het Nehemia hulle die mure van Jerusalem klaar gebou. Twee en vyftig dae se harde werk dag en nag is verby en Jerusalem het weer mure en poorte. Toe die sewende maand aanbreek, was daar groot opgewondenheid onder die volk. Soos een man kom die hele volk op die plein by die Waterpoort bymekaar. Spontaan vra hulle vir Esra om vir hulle uit die wetboek van Moses voor te lees. Hulle wil die Woord van die Here hoor.

Esra het toe die wet voor die gemeente gebring. Almal was daar – mans, vrouens en kinders, elkeen wat kon verstaan – want hierdie eerste dag van die sewende maand is 'n dag wat aan die Here gewy is. Dit is die dag waarop hulle erediens hou om die Here te aanbid (Lev 23:23). En getrou aan die karakter van hierdie dag het Esra opgetree. Hy het die Here – die grote God – geprys, want hierdie dag is 'n dag van blydskap. Op die lofprysing van Esra antwoord die gemeente met hulle hande omhoog: Amen, amen. Dit is waar, aan die Here kom al die lof en prys en dank en aanbidding toe, want Hy is die grote God.

As Esra die wetboek oopmaak, daal daar 'n eerbiedige atmosfeer oor die gemeente. Hulle raak stil, want die groot en ontsagwekkende God gaan nou met hulle praat. Van vroeg die oggend tot die middag het Esra gedeeltes uit die eerste vyf boeke van die Bybel voorgelees. Na elke gedeelte het die Leviëte dit aan die mense verduidelik en verklaar sodat almal kon verstaan wat die Here aan hulle sê.

Onder die geklank van God se stem het die hele volk opnuut hulle eie sondes besef. Hulle hoor van God se liefde en sorg wat Hy onvoorwaardelik aan sy gemeente gee. Hulle hoor ook die Here se dreiging en oordele as hulle as volk van God nie aan Hom gehoorsaam lewe nie. En hulle weet dat die Here hierdie oordele waar laat word. Hulle is dan die kinders van die mense wat die Here met sy oordele getref het en hulle in ballingskap laat wegvoer het. Hulle kyk ook nou op hulle eie lewens terug in die lig van God se Woord en sien hoe ver hulle self ook nog tekortsiet. Die gemeente is so diep geraak deur die Here se Woord dat hulle die emosies nie kan keer nie. Hulle treur en huil omdat hulle so

opstandig teenoor die Here is. Hulle harte is stukkend oor hulle sondes. Die gemeente se emosies is so gaande dat Nehemia, Esra en die Leviëte hulle tot bedaring moet bring:

**Moenie treurig wees nie, moenie huil nie.** (Nehemia 8:10 AFR83)

Broer, suster en kind, het ons ook al getreur en gehuil omdat ons deur die werk van die Heilige Gees kon sien hoe ver ons tekortsiet aan dank en lof en gehoorsaamheid aan die Here? Het die Woord van die Here, die swaard van die Gees ons ook al diep en seer gesny sodat ons hart stukkend en ons oë vol trane is oor ons sondes? Dit is heeltemal reg so; ons kan maar huil oor ons sondes. Ons kan maar treur omdat ons teen die Here opstandig was. Trane wat uit so 'n hartseer oor 'n mens se wange rol, word deur die Here raakgesien. Dit val nie maar sommer op die grond om weg te syfer sodat niemand daarvan weet nie.

Maar nou kan ons maar ophou huil en treur. Nou moet ons nie meer bedroef wees nie. Soos die Here vir die mense daar voor Nehemia tot die fees opgeroep het, doen Hy dit vanoggend ook met ons. Nou moet ons fees vier, want hierdie is 'n dag vol feesvreugde.

**Gaan, eet lekker spys en drink soet drank en stuur porsies aan hulle vir wie niks berei is nie; want hierdie dag is heilig aan onse Here.** (Nehemia 8:11 AFR53)

Die eerste ding wat ons moet raaksien, is die bron van 'n gelowige se vreugde en blydschap. Wanneer ons praat van blydschap in die Here, sê ons dat Hý blydschap besit. Hy openbaar dit aan ons in sy Woord deur ons te vertel van die groot verlossing wat Hy bewerk het en die vreugde wat dit meebring. Oor hierdie blydschap is daar ses dinge wat ons moet weet.

- **Blydschap in die Here het niks met my omstandighede of geaardheid te doen nie**  
Mense wat nie in 'n verhouding met die Here lewe nie se blydschap is totaal afhanklik van hulle omstandighede. As dit met hulle goed gaan, is hulle bly. Maar wanneer armoede en ongeluk hulle tref, is hulle terneergedruk. Dit is slegs die mense wat in 'n hegte verhouding met die Here lewe wat blydschap in die Here kan hê ondanks hulle omstandighede.

Toe die volk daar by die Waterpoort bymekaargekom het, was hulle omstandighede nie rooskleurig nie. Die muur en die poorte was voltooi, maar die vyande soos Sanballat en Tobija en die Arabiere het nie eensklaps verdwyn nie. Al die interne probleme, soos die armoede waarvan ons in hoofstuk 5 gelees het, het ook nie verdwyn nie. Tog word hulle opgeroep tot blydschap in die Here.

Die apostel Paulus het ook bitter slegte omstandighede geken. En tog het die Heilige Gees hom gelei om die brief wat bekend staan as sy Blydschapbrief (Filippense) te skryf terwyl hy in die gevangenis in Rome was. Hy het nie maar net gemaak of hy bly is nie. Hy het werklike blydschap in die Here beleef, daarom kon hy die gelowiges in Filippi ook oproep om saam met hom bly te wees in die Here.

- **Blydschap in die Here kom voort uit ware berou**  
Daar is nou al opgemerk dat die volk gehuil het omdat hulle berou gehad het oor al hulle eie sondes en die sondes van hulle voorgeslagte. Die hele hoofstuk 9 is 'n uitgebreide gebed van sondebelydenis en smeking om vergifnis waaraan die volk deelgeneem het op die vier en twintigste dag van die sewende maand.

Dat 'n mens jou eie sonde vierkantig in die oog moet hê en daarvoor bedroef moet raak is reg. Sonde is nie sommer maar net iets waarvan ons terloops kan kennis neem met

die woorde, ons is onder die genade, nie. Dit is oor ons sonde dat die sondelose Seun van God aan die kruis gehang het. Daarom kan ek nie maar net ligtelik oor my sonde dink nie.

Maar ons moet ook nie so op ons sonde konsentreer dat ons nooit meer die genade van God raaksien nie. Daar is sommige Christene wat meen ons is so sondig dat ons nooit vreugde mag beleef nie. Ons sonde is inderdaad baie erg, maar dit kan tog nooit van so 'n aard wees dat die bloed van Christus dit nie van ons kan afwas nie.

Met die Woord van God oortuig die Heilige Gees ons van ons sondeskuld, maar Hy bring ons nie by die skuldbesef om ons daar te los nie. Hy bring ons by skuldbesef om ons uiteindelik by die kruis van Christus uit te bring. In ons Kategismus handel ons net in drie Sondagafdelings oor ons sonde. Die grootste deel van ons Kategismus handel oor die verlossing van die sonde wat Christus vir ons bewerk het en hoe die Heilige Gees ons voortdurend daaraan herinner.

- **Blydschap in die Here is blydschap oor God se vergifnis en sy verbondsliefde**

Al die groot feeste wat Israel moes vier, was 'n herinnering aan God se groot genade vir hulle ondanks hulle sonde en tekortkominge. Ook die huttefees wat die volk gevier het, was 'n herinnering aan die liefde van die Here vir hulle.

In Psalm 32 het Dawid oor sy eie sondebeseft geskryf na sy sonde met Batseba. En ons hoor hoe hy sê dat iemand vir wie God sy sonde vergewe het geseënd is. Hy eindig die psalm met hierdie oproep:

**Wees bly in die HERE en juig, o regverdiges! En jubel, alle opregtes van hart!**  
(Psalm 32:11 AFR53)

Mense kan net regverdiges genoem word omdat God hulle regverdig verklaar het. Omdat hulle die toevlug tot Hom geneem het en by Hom om vergifnis gesmeek het en opgehou het om die sonde te doen, het God hulle vergewe. Hulle is regverdig gemaak deur God, daarom moet hulle jubel en bly wees in die Here. Wanneer ons dan ons skuld bely het by die Here, moet ons verheug wees oor die vergifnis wat God ons in Christus skenk vir al ons sondes.

- **Blydschap in die Here spruit uit 'n goeie begrip van God se Woord**

Die volk het toe gaan eet, lekkernye uitgedeel en 'n groot fees gevier, want **hulle het goed begryp wat vir hulle gesê is** (Nehemia 8:13 AFR83). In die Woord gee God aan ons groot en kosbare beloftes (2 Pet 1:4). Ons kry die belofte dat God al ons sondes wat ons opreg voor Hom bely vergewe en vergeet. Maar dit is nie al nie. Hy belowe ook sy bystand en genade in ons huidige omstandighede, en deur sy Gees lei Hy ons na die onuitspreeklike groot blydschap van die ewigheid saam met Hom op die nuwe aarde. Dit is die beloftes wat God in Christus aan elkeen van sy kinders skenk deurdat hulle Jesus Christus al beter leer ken (2 Pet 1:3).

Die Satan se taktiek is om ons in tye van swaarkry te oortuig dat God nie meer vir ons omgee nie. Dit is gewoonlik in tye van swaarkry dat sommige gelowiges makliker wegbly van die erediens en nie meer so gereeld Bybel lees nie. Deur die aanslae van die duivel het hulle tot die slotsom gekom dat die beloftes in die Bybel nie op hulle van toepassing is nie. Maar dit is juis in tye van swaarkry, wanneer alles nie meer sin maak nie, dat 'n mens aanhoudend die beloftes van die Here moet lees en oordink.

In sy Woord verseker die Here ons van sy volgehoue liefde en genade. Ons lees ook van ander gelowiges wat erge swaarkry verdra het omdat hulle God se beloftes bly glo het. Goeie begrip van God se Woord gee 'n mens ook 'n beter uitsig op die swaarkry wat ons soms beleef.

- **Blydschap in die Here is blydschap in die Here self**

Van nature verbly ons onself oor die dinge wat die Here vir ons gee. Ons is vol blydschap oor 'n voorspoedige dag wat die Here ons geskenk het of oor die gesondheid wat ons het. Maar op die ou end weet ons al hierdie dinge is gawes wat die Here gee en Hy kan, as Hy wil, dit ook van ons af wegneem. Ons het nie 'n reg op die goeie goed uit God se hand nie.

Daarom moet ons blydschap nie in die eerste plek wees oor die goed wat God ons gee nie, maar ons blydschap moet in Hom self wees. Dit is die duiwel en die wêreld wat ons wil wysmaak dat daar by die Here nie werklike blydschap kan wees nie. Daarom lok hierdie vyande ons graag van die Here af weg om blydschap in die dinge van hierdie wêreld te gaan soek. Die Heilige Gees verseker ons egter:

**versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig (Psalm 16:11 AFR53).**

Dit is omdat die Heilige Gees vir Habakuk geleer het om sy blydschap in die Here self te vind dat hy te midde van die naderende oordeel van die Here kon sê:

**Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie – nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil (Habakuk 3:17-18 AFR53).**

- **Blydschap in die Here staan nie teenoor heiligheid nie**

En as ons nog steeds dink dat blydschap en vreugde nie tuishoort in die heilige teenwoordigheid van God nie, moet ons mooi luister wat hier geskryf staan. Nehemia en Esra en die Leviete het die volk drie keer aangesê om nie te huil nie maar om bly te wees, **want hierdie dag is heilig** (Nehemia 8:10, 11, 12 AFR53). Die heiligheid van die Here sluit nie vreugde en blydschap uit nie, Inteendeel, die heiligheid van die Here eis juis dat ons vol vreugde en blydschap sal wees in sy teenwoordigheid.

Die bron van jou en my vreugde en blydschap is God en sy Woord wat onwrikbaar vas bly staan. Ons moet na hierdie vreugde en blydschap in die Here strew, want dit is ons beskutting. Die blydschap in die Here is ons beskutting teen drie dinge:

- **Ons word beskut teen die veroordeling wat die eise van die wet meebring.**

Wanneer ons alleen voor die wet van God te staan kom, staan ons veroordeel, want ons is skuldig aan elke gebod van die Here. Maar vir hulle wat in Christus is, is daar nie meer veroordeling nie (Rom 8:1). Wanneer ek en jy ons vreugde en blydschap in Christus vind, kan ons in die teenwoordigheid van God kom staan. Ons staan daar nie op grond van ons eie prestasies nie, maar op grond van Christus se volmaakte gehoorsaamheid aan die wet van God en omdat Hy in ons plek die oordeel gedra het.

- **Die blydschap in die Here beskerm ons ook teen die aanslae van ons vyande.**

Satan wil die gelowiges aanhoudend aankla, soos wat hy met Job gedoen het. As ons met ons eie prestasies gaan probeer om ons teen die aanklagte te verdedig, gaan

ons liederlik faal. Maar wanneer ons in die geloof aan Christus en sy volmaakte werk vashou, kan nie een van daardie aanklagte meer teen ons bewys word nie.

- **Die blydskap in die Here is ons beskerming omdat dit op die vaste Woord van God staan.**

In sy Woord hoor ons dat al sy beloftes in Christus waar is. Christus het die prys vir ons lewens betaal. Christus se betaling vir ons is voldoende, want God het sy Seun uit die dood opgewek. Daarom weet ons dat ons blydskap in die Here nie weggeneem kan word nie. Selfs in die swaarste swaarkry sal ons blymoedig bly, want ons Here is onveranderlik en in Hom is ons blydskap.

Geliefdes, in ons selfondersoek het ons bedroef geraak oor ons sonde, want ons het die Here groot skade aangedoen. Ons het die Heilige Gees bedroef. Ons het Christus se genade vergeet. Maar nou vee die Here die tranes van ons oë af, want Hy skenk ons 'n vreugde en 'n blydskap in Christus wat niks en niemand van ons kan wegvat nie. Dit is die blydskap in die Here omdat Hy ons aan sy tafel ontvang – nie op grond van ons prestasies nie – maar op grond van Christus se volmaakte gehoorsaamheid aan sy Vader.

## **Amen!**

### Psalm 75:1, 4 (p. 377)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!  
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.  
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.
- 4 Die verlossing, roem en eer / kom nie uit woestyne ver,  
nie uit oos of weste her; / want die Regter is die HEER.  
Hy sit bo die hemelboog – / Hy verneder en verhoog.

### Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

#### Psalm 23:1, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,  
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:  
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,  
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;  
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Aan tafel: Psalm 34 (p. 166)

Met die terugbeweeg: Psalm 66 (p. 320)

### Slotgebed

#### Psalm 97:6, 7 (p. 485)

- 6 Beminnars van die HEER, / haat wat sy Naam onteer,  
en wandel in sy weë. / Hy is sy volk geneë  
en sal in doodsgevaar / sy gunsgenoot bewaar;  
Hy red hom van die hand / wat dreig van alle kant, / van die geweldenaar.
- 7 Gods vriendlike aangesig / straal vrolikheid en lig  
deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.  
Regverdige, wees bly! / En sing 'n lied daarby!  
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
18 Mei 2014